Verslagwaardig: Ja/Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja/Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja/Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
## *(Noord-Kaapse Afdeling)*

***SAAKNOMMER:508/2000***

***DATUM GELEWER:19-10-2001***

In die saak tussen:

**William Claudius Van der Merwe** **Eiser**

en

**Boland Lugspuitdiens BPK** **Verweerder**

***Coram: Majiedt R:***

# *UITSPRAAK*

***MAJIEDT R:***

1. Die Verweerder, 'n maatskappy wat betrokke is by ondermeer die lugbespuiting van gewasse, se werknemers het verkeerdelik sekere gewasse van die Eiser uit die lug bespuit met die gevolg dat die gewasse óf gestuit is óf heeltemal tot niet gegaan het. Die voorafgaande is gemene saak tussen die partye. Waar lê die blaam vir hierdie ongelukkige voorval? Dít is wat ek moet beslis in hierdie saak.

2. Die partye het versoek dat slegs die meriete op hierdie stadium beslis word en ek het dienooreenkomstig gelas by die aanvang van die verhoor. Verder is ooreengekom wat die punte in geskil is wat ek moet beslis. Hierdie ooreenkoms is beliggaam in ‘n dokument wat aangeheg is by die Reël 37 notule.

3. Die gewraakte lugbespuiting het plaasgevind op 29 September 1999 by die Eiser se plaas Tambile. Hierdie lugbespuiting het geskied deurdat daar mondelings ooreengekom is daartoe deur Eiser en Verweerder se onderskeie verteenwoordigers.
Die partye is dit eens dat ene James Daly as Eiser se verteenwoordiger opgetree het. Dit is van minder belang, maar kan myns insiens aanvaar word dat ene Wessel Pienaar en/of Pieter Botes namens die Verweerder opgetree het tydens die sluiting van hierdie mondelinge ooreenkoms.

4. Die lugbespuiting is deur Pienaar gedoen. Botes, toé steeds ‘n werknemer van die Verweerder, sou self die lugbespuiting gedoen het, maar vanweë beserings opgedoen in ‘n motorongeluk, kon hy nie meer vlieg nie. Botes het al by verskeie vorige geleenthede die Eiser se landerye bespuit uit die lug. Pienaar, daarenteen, was vir die eerste keer daardie dag betrokke by die spuit van die Eiser se landerye.

5. Die kern van die geskilpunt wat beregting verg is daarin geleë

dat die partye drasties verskil oor wat presies die aard en inhoud van Pienaar se opdragte (soos oorgedra deur Daly óf direk aan Pienaar óf via Botes) was die betrokke dag.

6. Daly staan in die lugspuit-bedryf allerweë bekend as die *"gifsmous"*. Hy werk vir 'n maatskappy wat gif versprei vir bemarkers. Sy funksies behels dat hy gif verkoop aan die boere. Onder die term *"gif"* word hier ingesluit landbou chemikalieë, insekdoders, sondoders, onkruiddoders en hormone. Normaalweg gaan Daly uit na die boere, ondersoek hul gewasse en doen dan aanbevelings oor die toediening van gif vir bepaalde gewasse. Hy reël dan met 'n maatskappy soos die Verweerder om die nodige reëlings te tref.

7. Die Eiser het in sy getuienis hierdie werkswyse van Daly bevestig. Wat die onderhawige geval aanbetref het hy vir Daly gesê dat daar onkruid tussen die koring is. Daly het toe gereël met Verweerder se werknemers vir die lugbespuiting. Volgens die Eiser het Daly die uitleg van die Eiser se landerye goed geken, aangesien Daly gereeld daar aangedoen het. Verder het Botes gereeld die voorafgaande vyf jare die Eiser se landerye bespuit en het Botes dus ook die uitleg van die landerye goed geken, aldus die Eiser. Daly het voor die bespuiting uitgekom en die landerye besigtig ten einde te bepaal hoe hoog die onkruid is. Daar is 'n diagram opgehandig

as bewysstuk *"A"* wat die uitleg van die landerye aantoon soos op 29 September 1999. Dit is nie in geskil nie dat op 29/9/1999:

a) by die spilpunt bo-aan bewysstuk *"A"* daar grotendeels koring en 'n klein deeltjie met groente beplant was; en
b) dat die gedeeltes L004, L005, L006 en L007 koring op gehad het (hierdie gedeelte staan bekend as die *"vloedlande"* volgens die Eiser); en
c) dat op lande L008, L011 en L003 lusern was, terwyl land L002 uie op gehad het.

Verder is dit gemene saak dat die uie en lusern soos voormeld direk bespuit is met die gif. As gevolg daarvan is die uie op L002 heeltemal tot niet en is die lusern op L003, L008 en L011 se groei gestuit (d.w.s. dit het heeltemal ophou groei ná die bespuiting).

8. Volgens die Eiser het hy die landerye wat bespuit moes word vooraf deeglik gemerk soos wat die algemene landbougebruik en sy gewoonte was. Hy het naamlik pale opgerig met oop kunsmissakke daaraan. Hierdie merkers is met oranje stippels aangedui op bewysstuk *"A"*. Die doel van die merkers was om die areas wat bespuit moes word duidelik af te baken. Hierdie merkers was alreeds twee of drie weke voor die lugbespuiting

aangebring.

9. Die Eiser het ook getuig dat daar beduidende verskille in hoogte, kleur en tekstuur was tussen die koring, uie en lusern op sy landerye. Hy het bygevoeg dat daar koring tussen die uie op land L002 gestaan het – dié koring staan baie yl en dien as windbrekers in die uieland. Ná 'n week word hierdie koring doodgespuit. Op die 29ste September, dus toe die lugbespuiting plaasgevind het, was hierdie koringplantjies slegs geraamtes op land L002.

Die uie sou volgens die Eiser grys kleurig gewees het op 29/9/1999. Die geraamtes van die koring sou gelerig voorgekom het. Die lusern was ongeveer 10 cm hoog, die uie so 5 tot 7 cm hoog en die koring ongeveer 30 tot 40cm hoog. Die koring op die vloedlande was al donkergroen, terwyl die lusern 'n heelawat ligter groen was.

10. Die Eiser het 'n video geneem waarop die verskillende landerye te siene is. Daaruit blyk ook duidelik die effek van die gif wat op die uie en lusern gespuit was. Hierdie video is ingehandig as bewysstuk *"C"*. 'n Stel foto's, ook deur die Eiser geneem, is insgelyks ingehandig as bewysstuk *"B"*. Van die foto's is geneeem op 22 Oktober 1999 en die ander is geneem op 16 November 1999.

Die video is op verskillende datums geskiet in Oktober en

November 1999 en Augustus 2000.

Die foto's dui baie duidelik die onderskeie landerye aan, asook die skade wat aan die lusern en veral die uie aangerig is.

11. Die Eiser het op die dag van die lugbespuiting opgemerk dat die vlieënier verkeerdelik die uie en lusern bespuit; hy het toe vir Daly gebel en gesê hy moet die vlieënier stop. Verder het die Eiser opgemerk dat daar werkers op die land by L008 was, besig om water te lei, toe spuit die vlieënier oor hulle. Daar was ook besproeingspuite wat gespuit het op L002 (uieland) en L003 (lusernland) – die vliegtuig het ook oor dié lande bespuit.

Volgens die Eiser is dit heeltemal onaanvaarbaar om oor mense te bespuit en om te bespuit waar landerye natgelei word.

Hy het daardie selfde dag vir Botes gekonfronteer oor die feit dat die verkeerde landerye bespuit was en Botes het geantwoord dat hy dan *"die ou man"* (verwysende na Pienaar) gewys het waar om te spuit.

As gevolg van die direkte bespuiting van gif op die landerye het die uie tot niet gegaan en is die lusern se groei gestuit.

12. Mnr. James Daly, die *"gifsmous"*, het bevestig dat hy deur die Eiser versoek is om die onkruid op eiser se koringlande te laat bespuit. Hy bevestig verder dat hy persoonlik die landerye besigtig het nadat Eiser hom gekontak het. Hy was bewus

gewees dat daar tydens Sptember 1999 uie op land L002 was en lusern op L003, L008 en L011. Hy was ook daarvan bewus dat die Eiser altyd op die vloedlande koring aanplant in die winter en mielies of sonneblomme tydens die somer.

13. Volgens Daly het hy al by ten minste vyf vorige geleenthede gereël vir lugbespuiting van Eiser se koringlande. Daar was sonder uitsondering by hierdie geleenthede gebruik gemaak van Verweerder se dienste en was Pieter Botes die vlieënier wat die lugbespuiting gedoen het. By sodanige geleenthede was landerye L002 en L003 nooit bespuit nie. As 'n reël word lusern selde indien ooit vanuit 'n vliegtuig bespuit: volgens Daly word dit gewoonlik deur die boer self met behulp van 'n trekker bespuit.

Toe Botes die vorige jaar die koringlande bespuit het, was die uitleg van die landerye dieselfde as wat dit op bewysstuk *"A"* aangedui word.

Die opdrag, komende van die Eiser, was volgens Daly duidelik en ondubbelsinnig: - slegs die onkruid op die koringlande moes met gif vanuit die lug bespuit word.

14. Daly het ook getuig van die aanwesigheid van die merkers op die dag van die lugbespuiting. Die patroon van die merkers het ooreengestem met die vorige jaar s'n.

Volgens hom het Botes altyd gespuit met sulke merkers en het

hy nooit vantevore daaroor gekla nie. Die reëlings vir die lugbespuiting het hy met Botes getref en was hy toe alreeds bewus daarvan dat Pienaar en nie Botes nie, a.g.v. laasgenoemde se beserings, die vliegwerk sou doen. Nóg Botes nóg Pienaar het vir Daly gevra dat hulle vooraf moet uitgaan na die Eiser se landerye ten einde hulleself te vergewis van die uitleg daarvan en van watter gewasse daarop staan.

15. Op die dag van die voorval was Daly self by die vliegveld en het hy die gif daar gemeng. Botes en Pienaar was ook aanwesig, laasgenoemde was in die vliegtuig. Daly het die mening geopper dat Botes daar aanwesig was om vir Pienaar by te staan aangesien dit 'n nuwe land (vir Pienaar) was wat bespuit moes word.

Hy het vir Pienaar aangedui waar die Eiser se plaas is (die vliegveld was nie op die plaas geleë nie) en welke koringlande hy moes bespuit.

Hy het ook aan Pienaar verduidelik dat die koringlande duidelik met vlae uitgemerk is.
Daar was nooit sprake daarvan dat enigiets anders as koring bespuit moes word nie aangesien daar slegs koringgif in die vliegtuig se tenke was, aldus Daly.
Hy het ook 'n rowwe skets geteken van die landerye en dit vir Pienaar gegee.

16. Dit is insiggewend dat toe Daly in hoofgetuienis gevra is of Pienaar enigsins navraag gedoen het oor beskadigbare

gewasse, hy geantwoord het dat hy vir Pienaar gewaarsku het van die groente by die spilpunt en van die buurman, Mulke, se wingerd. Hy het glad nie melding gemaak van die uie – en lusernlande nie.

Tydens die bespuiting het die Eiser vir hom (Daly) gebel op sy selfoon en gesê Pienaar spuit ook die lusern en uie raak.

Pienaar het op ‘n stadium geland om die tenk te hervul met gif en het Daly vir hom gesê dat hy verkeerd spuit. Pienaar het geen verduideliking gegee nie, hy het net opgestyg en verder gespuit.

17. Daardie aand nadat die bespuiting afgehandel is, het Daly vir Pienaar en Botes gaan spreek by laasgenoemde se woning. Hy het hulle versoek om saam met hom die Eiser se landerye te gaan besoek sodat hulle kon bepaal watter skade aangerig is. Botes het wel later die plaas besoek en hulle twee het inspeksie gedoen en daar is aan Botes uitgewys waar die uie doodgespuit is.

18. Daly het bevestig dat die koring op 29 September 1999 taamlik hoog gestaan het, ongeveer 40cm. Volgens hom was die koring ‘n lewendige groen of soos hy dit gestel het, ‘n *“lush green”*. Die uie was, volgens hom, so 10 tot 12 cm hoog met ‘n vaalgrys tot blou kleur. Die lusern was so 10 cm hoog en was vaalbruin gewees.

Daly is verwys na aanhangsel *“A”* tot die Verweerder se verweerskrif wat sekere voorwaardes van bespuiting bevat. Hy

het getuig dat sy aandag nooit op hierdie dokument gevestig is voor of tydens die bespuiting van 29/9/1999 nie.

19. Daly is intens en wydlopend gekruisondervra. Ek sal later handel met die probleemareas in sy getuienis wat veral tydens kruisondervraging na vore gekom het.

20. Mnr. van Ginkel se getuienis is as ‘n deskundige lugspuitvlieënier gelei. Daar is geen geskil oor sy deskundigheid nie. Hy het inteendeel ‘n formidabele lewenskurrikulum voorgehou. Hy het getuig in die algemeen oor hoe ‘n lugbespuiting gedoen behoort te word en wat die pligte van ‘n lugspuitvlieënier behels. Hy het ook getuig oor die algemene gebruik van die tipe merkers wat volgens die Eiser op sy landerye aangebring is.

21. Volgens van Ginkel sou ‘n loods, selfs een wat met die gevorderde AGNAV – stelsel vlieg, gewoonweg eers ‘n verkenningsvlug onderneem om homself te vergewis van die uitleg van die landerye, om te bepaal waar die gewas/se is wat bespuit moet word, asook om homself te oriënteer ten aansien van fisiese obstruksies soos telefoon-en kragdrade.
‘n Lugbespuitingsvlieënier sou gewoonweg nie oor sproeiers spuit nie en ook nie oor mense nie.
Volgens hom sou mens vanuit die vliegtuig ‘n duidelike

onderskeid kon tref tussen lusern en koring, wat betref hoogte, kleur en tekstuur. Die koring sou volgens hom ‘n duidelike groen kleur met ‘n glans gehad het, terwyl die lusern effens bruinerig en dof voorgekom het. Hy het ook getuig dat daar ‘n aansienlike verskil tussen uie en koring uit die lug sou wees – hy het die jong uie bestempel as *“spiky”* en dat dit grys of blouerig in kleur sou wees. Die uie sou ook in netjiese rye geplant wees, terwyl die koring deurlopend sou wees en groen van kleur. Hy was die besliste mening toegedaan dat daar vanuit die lug ‘n merkbare verskil sou wees tussen die uie, lusern en koring.

22. Van Ginkel het die Eiser se plaas ongeveer ‘n week voor die aanvang van die verhoor besoek. Hy het merkers gesien op die plaas en wel by L003, L004 en L009. Met verwysing na die uitleg van die landerye en die posisionering van die merkers soos weergegee op bewysstuk *“A”*, was van Ginkel die mening toegedaan dat die landerye duidelik uitgemerk was en daar nie ruimte vir verwarring was nie.

23. In kruisondervraging is bewysstuk *“E”* met die getuie behandel. Dit is ‘n dokument met opskrif *“Verantwoordelikhede tydens lugbespuiting”* uitgegee deur ‘n organisasie genaamd *“AVCASA”*. Van Ginkel het bevestig dat daardie dokument die pligte van die boer, die *“gifsmous”* en die lugspuitvlieënier

korrek uiteensit. Daar is in geskil getree met van Ginkel oor verskeie aspekte van sy getuienis, waarmee ek later sal handel.

24. Die getuienis van mnr. David Moremedi is ook gelei. Hy is ‘n plaasarbeider in diens van die Eiser. Volgens hom het hulle merkers opgesit voordat die vliegtuig die landerye bespuit het in September 1999.

Die laaste getuie vir die Eiser was mnr. John Modise. Hy is eweneens ‘n plaasarbeider werksaam op die Eiser se plaas, Tambile. Volgens hom was hy en ‘n kollega, Andries, besig om water te lei op die lusernland op die dag van die voorval. Die vliegtuig het oor daardie lusernland en oor hom ook gespuit, met die gevolg dat hy sy gesig moes gaan afwas by die rivier. Hy moes ook platval ten einde te voorkom dat die gif in sy oë en mond beland.

25. Aan die einde van die Eiser se saak het Verweerder skriftelik per bewysstuk *“G”* formeel erken dat:

a) indien van die onkruiddoder op die lusern beland het, dit die lusern sou terugsit (*“stunt”*), en

b) indien daar onkruiddoder op die uie beland het, dit die uie sou doodmaak.

26. Die Verweerder het twee getuies geroep, naamlik mnre. Botes en Pienaar. Botes het bevestig dat hy op 29 September 1999 in diens was van die Verweerder, alhoewel hyself nie meer aktief kon vlieg nie a.g.v. die beserings wat hy opgedoen het. Vanweë sy onvermoë om te vlieg is drie ander vlieëniers deur die Verweerder ingebring na die Douglas area om lugbespuitings te doen; een van hulle was Wessel Pienaar.

Botes het toe die grondwerk en reëlings vir hierdie vlieëniers gedoen omdat hulle nuut in die area was. Dit blyk uit sy getuienis dat Botes self 'n baie ervare lugspuitvlieënier is.

27. In sy getuienis het hy verduidelik watter stappe 'n lugspuitvlieënier alles moet doen.

Wat die voorval self betref het hy getuig dat hulle taamlik besig was met bespuitings gedurende September 1999. Hy het bevestig dat Daly hom versoek het om lugbespuiting op die Eiser se plaas te doen. Hulle het by die vliegveld op 'n naburige plaas ontmoet en daar is tussen hom en Daly ooreengekom dat die vloedlande heel eerste gespuit sou word. Dit is nie in geskil nie dat die opdrag was dat die onkruid op Verweerder se koringlande bespuit moes word. Volgens hom het hy pertinent vir Daly gevra wat is langsaan die vloedlande en Daly het geantwoord dat daar niks is nie.

Hy het ook vir Daly gevra of Pienaar weet waar die vloedlande geleë is en Daly het geantwoord dat hy vir Pienaar 'n kaart daarvan geteken het. Botes het by Pienaar self (wat toe al in die vliegtuig was) verneem of hy die ligging van die vloedlande verstaan en het

ook die kaart bekyk. Die kaart het volgens hom heeltemal korrek die uitleg van die landerye weergegee en het hy dit dan ook so aan Pienaar oorgedra. Hierdie kaart is nie beskikbaar nie. Nadat Pienaar alreeds opgestyg het, het Daly vir Botes op sy selfoon geskakel en gevra dat Botes vir Pienaar moet keer want daar is lusern op die landjie langs die pad. Volgens Botes was dit te laat, want Pienaar het toe alreeds oor die lusern gespuit by land L008.

28. Die Eiser het daar aangery gekom en gekla oor die feit dat Pienaar die lusern gespuit het. Volgens Botes was die koring en lusern albei groen van kleur met die koring ‘n effens donkerder skakering van groen. Die lusern was so 15 cm. korter as die koring in hoogte.

Hy het ook getuig dat Daly definitief al bewysstuk *“F”*, die voorwaardes van bespuiting, vantevore onder oë gehad het.

Hy het ook ontken dat daar wel merkers op die landerye was.

Die doel van merkers is volgens hom om spuitbane vir die vlieënier aan te dui en geen ander doel nie.

Volgens Botes het hy ongeveer drie weke ná die lugbespuiting van Daly verneem dat die Eiser se uie doodgespuit is. Hy het toe vir die heel eerste keer gehoor van uie langsaan die vloedland. Hy het dit so aan Daly oorgedra en Daly het gesê dat hy ook nie geweet het van uie langsaan die vloedlande nie. Hy, Pienaar, Daly en die Eiser het so 6 weke na die bespuiting inspeksie gaan doen en gevind dat die uie dood was.

Hy het daardie dag van die inspeksie vlae gesien wat plat gelê het tussen L003 en L004 en hy het vir Pienaar gevra of hy by daardie vlae opgehou spuit het en of hy daar verbygespuit het. Volgens hom was Pienaar uit die veld geslaan en het hy geantwoord dat hy nie kon onthou of hy daar opgehou het nie, want volgens sy geheue was daar nie vlae gewees nie.

29. Botes het van van Ginkel verskil dat ‘n vooraf verkenning van die landerye noodsaaklik is en dat merkers gebruik word om die gebied wat bespuit moet word af te baken. Volgens hom is merkers oorbodig wanneer jy met ‘n AGNAV stelsel vlieg. Hy het ook aangedui dat dit onmoontlik is om vanuit die lug te onderskei tussen twee aangrensende gewasse wat hul hoogte aanbetref.

Botes was daarvan oortuig dat Pienaar op daardie dag slegs Daly se instruksies uitgevoer het.

30. In kruisondervraging het Botes erken dat hy die enigste vlieënier was wat gedurende die voorafgaande vyf jaar die Eiser se landerye uit die lug bespuit het. By daardie geleenthede was daar wel merkers aangebring. Hy het ook bevestig dat hy die uitleg van die landerye daar geken het en geweet het dat L004, L005, L006, L007 en L009 die meeste van die tyd met koring beplant was toe hy daar gespuit het. Hy het ook toegegee dat Daly geregtig sou wees om te aanvaar dat hy (Botes) sy kennis van die uitleg van die Eiser se landerye aan Pienaar sou oordra.

Botes kon nie verduidelik waarom in die Verweerder se Nadere Besonderhede erken was dat daar wel merkers aangebring was op ‘n gedeelte van die noordelike grens van die Eiser se landerye nie.

31. Pienaar het getuig en grootliks Botes se weergawe bevestig. Pienaar is duidelik ook 'n baie ervare lugspuitvlieënier.

Volgens hom sal 'n mens nie maklik op grond van die kleur en hoogte verskille tussen gewasse vanuit die lug kon onderskei nie, behalwe as daar 'n treffende verskil sou wees. Hy het verder getuig dat die AGNAV stelsel bedoel is om spuitbane vir die vlieënier aan te dui. Vroeër was daar van fisiese merkers gebruik gemaak om dieselfde doel te bereik.

Hy het die korrektheid van bewysstuk *"E"*, die AVCASA dokument ten aansien van die verantwoordelikhede tydens lugbespuiting, bevestig.

32. Pienaar se verdere getuienis is dat Daly vir hulle kon verwittig het van die bespuiting op Eiser se plaas of dat Botes vir hom (Pienaar) daarvan kon in kennis gestel het. Pienaar het nooit aan enigiemand opdrag gegee dat merkers uitgeplaas moet word vir die bespuiting nie, want daar was geen rede om merkers uit te plaas nie.

Hy het, soos Botes, ook van van Ginkel verskil oor die nodigheid om vooraf die area wat bespuit moet word, te verken óf vanuit die lug óf op grondvlak. Volgens hom is dit slegs nodig om fisiese obstruksies soos telefoon – en kraglyne te identifiseer.

33. Hy bevestig verder dat Daly, op sy versoek, 'n kaart opgestel

en oorhandig het wat die landerye uiteensit. Volgens hom het hy verneem of daar beskadigbare gewasse aangrensend geleë is, en Daly het slegs melding gemaak van die wingerd langsaan en die groente op die spilpunt.

Verder bevestig hy ook dat Botes ook die kaart bekyk het en sy tevredenheid met die uitleg van die lande daarop uitgespreek het. Volgens hom het Botes ook vir Daly in sy teenwoordigheid gevra wat is langsaan die koringland en Daly het weer net van die wingerd en die groente gepraat. Daar is nooit enige melding van merkers gemaak nie en hyself het ook geen merkers tydens die lugbespuiting op die landerye waargeneem nie. As daar merkers was, sou hy dit beslis gesien het.

34. Wat die bespuiting self aanbetref het hy getuig dat hy sy AGNAV ingestel het en van noord na suid gespuit het. Aan die hand van die spuitlog (bewysstuk *"F"* ) se gegewens het hy getuig oor hoe lank hy bespuit het. Hy het erken dat hy ook L002 (die uie) en L003 en L008 (die lusern) bespuit het.

Hy was nie bewus daarvan dat daar gewasse anders as koring op die laasvermelde drie landerye was toe hy daaroor gespuit het nie – hy kon dit nie uit die lug waarneem nie en was dit ook nie op Daly se kaart aangedui nie.

Hy het verder getuig dat hy nie mense op L008 gesien het nie; as hulle wel daar was, sou hy hulle gesien het en opgehou spuit het. Hy het ook nie besproeiingslyne op landerye L002 en L003 gesien nie. As daar wel besproeiing aan die gang was sou hy ook nie verder

gespuit het nie, want dit verminder die effektiwiteit van die gif. Hy het ook nie opgemerk dat iemand op die grond uit 'n bakkie klim en sy aandag probeer trek nie.
Daarna het hy die spilpunt en die res van die koringland klaar gespuit.

35. Volgens Pienaar het Daly op geen stadium terwyl hy op die grond was om sy gifvoorraad aan te vul, aangedui dat hy (Pienaar) nie die uie en lusern moet spuit nie en dat hy net tussen die merkers moet spuit nie.

Al wat Daly gesê het aan hom is dat die Eiser gebel het en gekla het dat Pienaar die aangrensende lusernland raak gespuit het. Hy het toe vir Daly gekonfronteer oor die feit dat Daly glad nie voorheen melding gemaak het van die lusern nie en Daly het geantwoord dat hy vergeet het. Hy het eers drie weke later gehoor van die uie en die ander lusern toe Botes hom daarvan verwittig het. Hy het getuig dat die gewasse op die landerye vir hom almal dieselfde gelyk het, wat kleur aanbetref. Hy was tevrede dat die landerye ooreenstem met Daly se kaart en was daar by hom geen twyfel of onduidelikheid nie.

36. Ongeveer 3 weke later is hy saam met Botes uit na die Eiser se plaas om te gaan ondersoek instel na die skade wat aangerig is. Hy het vlae op 'n plek daarso sien platlê. Volgens hom het hy sy instruksies korrek en volledig uitgevoer daardie dag en

het hy ook sy verantwoordelikhede as lugspuitvlieënier behoorlik nagekom.

37. In kruisondervraging kon hy ook nie die diskrepansie tussen die getuienis en Verweerder se Nadere Besonderhede oor die feit of daar merkers was al dan nie, verklaar nie. Pienaar het verder toegegee in kruisondervraging dat indien daar wel merkers aangebring was op die landerye soos aangedui op bewysstuk *"A"*, sou die landerye voldoende uitgemerk gewees het vir bespuiting.

Hy was dit eens met van Ginkel dat koring 'n glans het vanuit die lug, terwyl lusern 'n dowwerige voorkoms het. Hy het ook toegegee dat hy, indien hy voldoende tyd het, die kleur van gewasse sal kan uitken indien hulle van mekaar verskil. 'n Soortgelyke toegewing is gemaak oor die onderskeid tussen gewasse van 10cm. en 40 cm. hoog. Verder het hy saamgestem dat die finale verantwoordelikheid om te bepaal watter gewas onder hom lê en om die korrekte area en gewasse te spuit by die lugspuitvlieënier rus.

38. Die bewyslas in hierdie saak is op die Eiser.

Een van die twee weergawes voor my is vals, vandaar die ongelukkige toedrag van sake dat die verkeerde landerye bespuit is.

39.1 Wat die Eiser se getuies aanbetref is dit slegs Daly wie se getuienis breedvoerige evaluering verg, omdat ek geen noemenswaardige probleme met die getuienis van die Eiser, van Ginkel, Moremedi en Modise het nie.

Daly was na my mening nie 'n goeie getuie nie. Hy het groot moeite ondervind in kruisondervraging. Op heelwat van die belangrike aspekte het hy erg kleigetrap, bv.: -

- of hy inderdaad as Eiser se agent opgetree het dié dag;
- oor die feit dat daar geen (verkeerde) bespuiting van die groente by die spilpunt voorgekom het nie, nieteenstaande die feit dat die grens tussen die groente en die koring daar nie met merkers afgemerk is nie;
- hy het warm en koud geblaas op die vraag of hy enige blaam vir die verkeerde lugbespuiting moet dra.

39.2 Verdere probleme van 'n ernstige aard met sy getuienis is dat hy toegegee het dat hy moontlik vir Botes kon gebel het en hom versoek het om Pienaar te probeer keer omdat die blok onder die pad lusern op het. Sulke optrede sou tog nie strook met sy duidelike en ondubbelsinnige opdrag oor wat wel bespuit moes word nie! Daarbenewens is Daly se *viva voce* getuienis lynreg in stryd met die beweringe in die Eiser se dagvaarding, te wete dat Daly uitdruklik melding sou gemaak het teenoor Verweerder se werknemers van die nabygeleë uie en lusern wat nie

raakgespuit of besmet moes word nie.

Sy verduideliking hiervoor is dat hy wel tydens konsultasie dit aldus oorgedra het, maar dat hy daarna onseker was daaroor en toe besluit het om af te wyk van daardie weergawe.

39.3 Die laasvermelde twee aspekte is uiteraard van kardinale belang by die beregting van die geskil tussen die Eiser en die Verweerder. Dit moet gevolglik 'n groot vraagteken plaas agter Daly se geloofwaardigheid.

40. Van Ginkel het 'n besondere goeie indruk op my gemaak. Hy het op 'n rustige, bedaarde en bekwame wyse sy getuienis gelewer, selfs toe hy op 'n stadium deur mnr. Van Niekerk (wat vir die Verweerder verskyn) as 'n leuenaar uitgekryt is en daarvan beskuldig is dat sy getuienis *"nonsens"* sou wees.

Mnr. Van Niekerk het in sy betoog aangevoer dat van Ginkel nie 'n goeie getuie was nie en ook nie heeltemal onafhanklik en onbetrokke gestaan het tot die Eiser se saak nie. Ek bevind uitdruklik die teenoorgestelde – behalwe vir een aspek waar van Ginkel huiwerig was om 'n toegewing onder kruisondervraging te maak, wat hy na my mening moes gemaak het, was hy 'n uiters bevredigende getuie. Hy is 'n lugspuitvlieënier met baie wye ervaring en is heeltemal onafhanklik as 'n getuie. Sy integriteit en geloofwaardigheid is na my mening heeltemal ongeskonde.

41. Mnre. Moremedi en Modise het my in hulle eenvoud as plaasarbeiders beïndruk – dit is myns insiens heeltemal vergesog dat hulle Hof toe sou kom om te versin oor aspekte wat vir hulle van mindere belang sou wees. Hulle moes verder ook baie goed geskool gewees het in hul versinsels, want ‘n bekwame en ervare kruisondervraer soos mnr. van Niekerk kon nie hulle weergawes aftakel nie.

42. Botes en Pienaar het nie te sleg gevaar in hul getuienis nie. Soos ek egter aanstons sal aantoon, kan hulle weergawes nie sondermeer aanvaar word nie.
Daar is ook ‘n opmerklike verskil in hul getuienis op ‘n belangrike punt, nl. dat Botes baie duidelik was in sy getuienis dat die *“vloedlande”* en die spilpunt se koringaanplantings bespuit moes word, terwyl Pienaar ontken dat hy ooit aangesê is om *“vloedlande”* te bespuit.
Verder is daar natuurlik die probleem met hulle albei se getuienis betreffende die verwysing in Verweerder se Nadere Besonderhede na merkers wat wel op die landerye aangebring was. Hierdie inligting kon tog net van Botes en/of Pienaar gekom het. Tog kon geeneen van hulle enige verduideliking verskaf vir hierdie diskrepansie nie.

43. Voor my is twee botsende weergawes oor:

a) of daar wel op die dag van die lugbespuiting merkers aangebring was al dan nie; en

b) wat presies Pienaar se instruksies was dié dag.

Die toets ten aansien van die vraag of 'n bewyslas gekwyt is in sulke gevalle is bondig en gesaghebbend uiteengesit deur Wessels AR in **National Employers Mutual General Insurance Association v Gany** 1931 AD 187 te 199 as volg: -

> *"Where there are two stories mutually destructive, before the onus is discharged, the Court must be satisfied upon adequate grounds that the story of the litigant upon whom the onus rests is true and the other false."*

Hierby kan gevoeg word die oorweging van die inherente waarskynlikhede wat die weergawe van die party wat die bewyslas dra, mag ondersteun;

Sien:- ***Transcash SWD Ltd v Smith*** 1994(2) SA 295(K) te 303B;

***Hochfeld Commodities (Pty)Ltd v Theron*** 2000(1) SA 551(O) te 559G-560D.

44. Die Eiser, Daly en Moremedi het getuig dat daar wel merkers aangebring was op die landerye die betrokke dag. Ek het alreeds bevind dat, Daly uitgesluit, hierdie getuies redelik goed

getuig het. Na my mening is die Eiser se weergawe oor die merkers te verkies bo dié van die Verweerder, vir die volgende redes: -

a) Op Botes se getuienis was daar altyd, sonder uitsondering, merkers aangebring op die Eiser se landerye toe hy dit in die verlede bespuit het – hy verklaar dan ook uitdruklik dat hy van die Eiser sou verwag het om soos in die verlede merkers op te sit indien hyself die bespuiting sou gedoen het. Op die waarskynlikhede dus – waarom sou die Eiser dan nou juis besluit in 1999 om, anders as vorige jare, nie merkers aan te bring nie?

b) Nóg Botes nóg Pienaar kon enigsins verduidelik waarom in die Verweerder se Nadere Besonderhede erken is dat daar wel merkers op ‘n gedeelte van die noordelike grens van die gebied wat bespuit moes word, aangebring is.

c) Botes (soos Pienaar) het volgehou dat die doel van merkers slegs is om spuitbane aan te dui en niks anders nie. Tog val dit vreemd op dat hy tydens die inspeksie met Pienaar agterna, vir laasgenoemde gevra het of hy dan *“verby die vlae gespuit het”*, verwysende na die vlae wat plat gelê het op die grens tussen lande L003 en L004. Hierdie getuienis: -

    i) strook nie met Botes se eie aanvanklike weergawe oor die doel van merkers nie; en

ii) dien as stawing vir die weergawe voorgehou deur Eiser, van Ginkel en Daly dat die merkers ook aangewend word om die gebied wat bespuit moet word af te baken en te identifiseer.

(d) Indien daar inderwaarheid geen merkers aangebring was nie, maar die Eiser slegs wou voorgee dat dit wel daar was, kon hy dit mos maklik opgerig het toe hy die foto's en die video geneem het. Voorts kon hy die merkers by L003 en L004 laat regop staan het en nie laat platlê het nie. Dít geld natuurlik ook vir die inspeksie wat ter plaatse gehou is later en waar Botes en Pienaar ook aanwesig was.

(e) Ek bevind as 'n bewese feit, uit hoofde van die Eiser, Moremedi en Modise se getuienis, dat daar wel arbeiders op land L008 was en sproeiers wat geloop het op landerye L003 en L004. Dít inaggenome, kan Pienaar se getuienis dat hy glad nie merkers gesien het nie, toegewyt word aan onoplettendheid, want hy het dan nie die werkers en die sproeiers gesien nie.

f) Eiser het nie geweet, tot met die dag van die voorval dat 'n vliegtuig wat met AGNAV toegerus is, gebruik sou word nie. Hoe sou die Eiser dus vooraf kon weet dat merkers oorbodig sal wees?

45. Ek bevind verder dat die instruksies aan Pienaar was om die onkruid op die koringlande te bespuit en dat Daly nie vir Botes en/of Pienaar gesê het van die aangrensende uie-en

lusernlande nie. Die redes vir hierdie bevinding is as volg: -

a) Daly se toegewing dat hy wel moontlik vir Botes mag geskakel het op sy selfoon om hom te vra om vir Pienaar te probeer stop aangesien daar lusern langs die pad is, druis lynreg in teen sy vroeëre getuienis dat hy uitdruklik vir Botes en/of Pienaar opdrag gegee het om net tussen die merkers te spuit.

b) In hoofgetuienis, toe Daly gevra is of Pienaar enigsins navraag gedoen het oor nabygeleë beskadigbare gewasse het hy geantwoord dat hy vir Pienaar gewaarsku het van die groente op die spilpunt en van Mulke se wingerd. Geen melding is hoegenaamd gemaak van die uie en lusern nie.

c) Dit is insiggewend dat die groente op die spilpunt nie raakgespuit is nie, maar die uie en lusern wel – dít versterk myns insiens die gevolgtrekking op die waarskynlikhede dat Daly niks melding gemaak het van die uie – en lusernlande nie.

d) Laastens is daar natuurlik die diskrepansie tussen Daly se weergawe in die Hof en dít wat vervat is in Eiser se dagvaarding, te wete dat Pienaar uitdruklik opdrag gegee is om nie die nabygeleë uie en lusern raak te spuit of te laat besmet nie.

46. Daly se versuim in dié verband stel na my mening nalatige

optrede daar, welke nalatigheid kousaal direk verbind kan word met die gewraakte gevolge te wete die doodspuit van Eiser se uie en lusern. Ek sal tegelegenertyd die graad van Daly se nalatigheid behandel.

47. Die blote bevinding voormeld dat Daly nalatig was, is egter nie die einde van die navraag nie. Pienaar se rol as lugspuitvlieënier moet nou beoordeel word.

Die partye was dit eens dat die finale verantwoordelikheid om die regte area en die korrekte gewas/se te bespuit, by die lugspuitvlieënier berus.

Waar daar teenstrydighede bestaan tussen die weergawes voorgehou deur van Ginkel en Pienaar, verkies ek dié van van Ginkel, omrede: -

a) van Ginkel, soos ek alreeds bevind het, anders as Pienaar heeltemal onbetrokke en onafhanklik in hierdie aangeleentheid staan; en
b) daar indirek stawing vir van Ginkel se weergawe is vanaf Botes ten aansien van die doel van merkers; en
c) daar geen onwaarskynlikhede in van Ginkel se getuienis aangemerk kan word nie, anders as wat die geval is met dié van Pienaar.

48. Na my mening was Pienaar nalatig in die volgende opsigte: -

48.1 Deur nie vooraf ‘n verkenning van die landerye te doen nie, óf vanuit die lug óf op die grond nie;

48.2 Deur nie te onderskei tussen die uie, lusern en koring terwyl hy besig was met die lugbespuiting nie. Ek is die mening toegedaan dat, mits hy ‘n behoorlike uitkyk gehou het, hy sou kon onderskei het tussen dié drie gewasse vanuit die lug op grond van hul verskille, ten minste in hoogte en tekstuur. Sy onvermoë om só ‘n onderskeid te maak, is daaraan toe te skryf dat hy nie ‘n behoorlike uitkyk gehou het nie.

48.3 Deur nie te verseker dat hy die korrekte area en korrekte gewas bespuit nie.

49. Ek bevind verder dat Pienaar se nalatigheid direk daartoe aanleiding gegee het dat die uie doodgegaan het en die lusern se groei gestuit is.

50. Die Verweerder het by monde van sy advokaat, mnr van Niekerk, afgesien van sy beroep of bewysstuk *“F”* se bepalings aan die agterkant te wete die voorwaardes van bespuiting. Hierdie is ‘n sinvolle en wyse besluit, aangesien Daly nie hierdie dokument onderteken het nie en is daar myns insiens ook aansienlike twyfel of die voorwaardes betreffende die <u>doeltreffendheid</u> van die lugbespuiting hier ter sake is.

51. Alles in ag genome meen ek dat Pienaar aansienlik meer nalatig was as Daly hierin. Per slot van sake het die finale verantwoordelikheid tog by Pienaar gelê. Selfs inaggenome die feit dat Daly nagelaat het om hom in te lig van die aanwesigheid van die aangrensende beskadigbare gewasse, moes Pienaar homself vergewis het van watter gewasse waar geleë is en moes hy 'n behoorlike uitkyk gehou het sodat hy die korrekte area en korrekte gewas bespuit. Ek meen dat 'n 75/25% verdeling ten guste van Eiser billik sou wees in die omstandighede.

52.1 'n Laaste aspek vir beregting is die kwessie van rente, inaggenome die bepalings vervat in artikel 2A(2)(a) van die Wet op Voorgeskrewe Rentekoers, 55 van 1975, wat as volg bepaal:

> ***"(2)(a) Behoudens enige ander ooreenkoms tussen die partye begin die rente beoog in subartikel (1) oploop vanaf die datum waarop betaling van die skuld opgeëis word by wyse van 'n aanmaning of 'n dagvaarding op die skuldenaar, watter datum ookal die vroegste is."***

52.2 Ingevolge artikel 4 van die vermelde wet, word *"aanmaning"* as volg omskryf: -

> ***"'n Geskrewe aanmaning wat die skuldeiser se eis op die wyse uiteensit wat die skuldenaar in staat stel om die bedrag daarvan redelikerwys te kan bepaal."***

52.3 Alhoewel hierdie aspek *in stricto sensu* tuishoort onder die kwantum van skadevergoeding, is die partye dit eens dat ek hierdie aangeleentheid om doelmatigheidsredes ook moet bereg. Dít sal onder andere verhoed dat die partye weer hoef terug te keer na hierdie Hof, ingeval hulle die kwantum van skadevergoeding kan ooreenkom.

52.4 Die aanmaning waarop die Eiser steun is 'n brief gedateer 13 Desember 1999.

Ek meen dat hierdie skrywe tekort skiet aan die vereistes vervat in artikel 4 (*supra*) in die volgende opsigte:

a) Die areas wat vernietig is a.g.v. die bespuiting stem nie ooreen met dit wat in hierdie Hof getuig is nie; en

b) Die berekening van die skade en meer bepaald die *modus operandi* daarvan word nie uiteengesit nie.

Mnr. van Niekerk het wyslik toegegee dat rente behoort te loop vanaf die datum van Eiser se kennisgewing van voorgenome wysiging van sy Besonderhede van Vordering, te wete 19 September 2000.
Ek meen dat dit 'n gepaste toegewing is, aangesien die Verweerder op daardie datum voldoen besonderhede gehad het van Eiser se eis

om die bedrag van skadevergoeding te kan bepaal.

53. Ek sluit af deur my bevindinge aangaande die geskilpunte te boekstaaf: -

53.1 Die inhoud van die ooreenkoms aangegaan tussen Eiser en Verweerder op 29 September 1999 was dat die Verweerder die onkruid op Eiser se koringaanplantings op die plaas Tambile moes bespuit.

53.2 Klousule 1 van bewysstuk *"F"* se agterkant het nie deel gevorm van hierdie ooreenkoms nie.

53.3 Die waarborge soos vervat in paragrawe 5.1, 5.2 en 5.3 van Eiser se Besonderhede van Vordering is wel verskaf deur die Verweerder aan die Eiser.

53.4 Dié waarborge is verbreek soos beweer in paragrawe 12.1 en 12.3 van Eiser se Besonderhede van Vordering.

53.5 Die Verweerder was bewus van die feite soos beweer in paragraaf 6.3 van Eiser se Besonderhede van Vordering maar nie van daardie in paragrawe 6.1 en 6.2 nie.

53.6 Daar het 'n regsplig op die Verweerder gerus om nie die onkruiddoder op enige gewas anders as die koringaanplantings van die Eiser te laat beland nie. Hierdie regsplig is verbreek deurdat Verweerder versuim het om die nodige stappe te neem om te voorkom dat die onkruiddoder op ander gewasse beland.

53.7 Mnr. Wessel Pienaar was nalatig in die opsigte soos hierinvantevore uiteengesit, welke nalatigheid daartoe gelei het dat die uie doodgespuit is en die lusern se groei gestuit is.

53.8 Daly was nalatig in die opsigte soos alreeds hierin vantevore uiteengesit.

53.9 Pienaar se graad van nalatigheid word bepaal as 75% en dié van Daly as 25%.

53.10 Die Verweerder het kontrakbreuk teenoor Eiser gepleeg soos beweer in paragrawe 11.1, 11.2 en 11.3 van Eiser se Besonderhede van Vordering, welke kontrakbreuk tot skade vir die Eiser gely het.

53.11 Eiser is geregtig op rente ingevolge artikel 2A(2)(a) van Wet 55 van 1975 vanf 19 September 2000.

Ek maak die volgende bevel:

**A.** **Die Verweerder is aanspreeklik vir 75% van die bedrag van skade vergoeding wat die Eiser mag bewys.**

**B.** **Rente teen 15,5% per jaar sal betaalbaar wees deur die Verweerder op die bewese bedrag van skadevergoeding, welke rente vanaf 19 September 2000 sal begin loop.**

S.A. MAJIEDT
REGTER

| | |
|---|---|
| Nms. Eiser: | Adv. C.H. Botha<br>i.o.v Engelsman, Benade & van der Walt |
| Nms. Verweerder: | Adv. J. van Niekerk<br>i.o.v. Duncan & Rothman |

Datum van verhoor:
Datum van uitspraak: 19-10-2001